
HOOFSTUK 2

DIE AKSIEVELD VAN DIE NAVORSINGSVERHAAL.

2.1. INLEIDING.

Müller, Van Deventer & Human (2001:76) benut Anne Lamott se model vir die skryf van fiksie as metafoor om riglyne te bied aan navorsers en mede-navorsers wat navorsing wil doen vanuit 'n narratiewe benadering. Lamotte het op haar beurt na Alice Adams se formule vir *writing* verwys, te wete ABDCE, waar *A* vir “action” (aksie), *B* vir “background” (agtergrond), *D* vir “development” (ontwikkeling), *C* vir “climax” (klimaks) en *E* vir “ending” staan. Volgens meer modernistiese benaderings tot navorsing val die klem op die probleem en die korrekte formulering daarvan, terwyl die klem in die meer narratiewe benadering eerder op die aksie (-veld) val as die probleem. Lamott (1995:62) maak die volgende opmerking oor aksie, “You begin with action that is compelling enough to draw us in, make as want to know more”

Die narratiewe navorser het 'n *dekonstruksie-agenda* – “Things need to be unpacked and alternatives have to be explored”. Volgens hierdie benadering is dit nie net nodig om die probleemareas van die lewe na te vors nie, maar elke aksie, met 'n alternatiewe verhaal in gedagte. Die aksie(-veld) omsluit die probleem, maar is meer as net die probleem. Dit gaan oor die *nou* van die verhaal. Die navorser moet in die *nou* bly, nie die vorige *nou* of die volgende *nou* nie, maar hierdie *nou*, aldus Lamott (1995:48). Dit is hierdie *nou* wat as die eerste stap van narratiewe navorsing beskryf moet word.

Ek wil soos Müller en ander (2001:80) navorsing doen as 'n vorm van praktiese wysheid ("practical wisdom") wat waarde heg aan die verhare van mense en gemeenskappe. In plaas daarvan om met hipoteses te werk van wat behoort te wees, poog die narratiewe navorser om in die eerste plek die habitus te verstaan. Maar daar is ook 'n tweede aksieveld, en dit is die interaksie van die navorser met die aksie wat nagevors word. Müller en ander (2001:81) stel dit soos volg, "The action of research consists of an interacion with people and their actions. We understand research as a social-constructionist process". Deur die navorser se interaksie met die aksie(-veld) word hy deel van die aksie(-veld).

Die navorser moet aandagtig wees vir watter aksie(-veld) hom geval, en dan moet die navorser besluit watter aksie hy gaan navors. Daarna moet die navorser besluit op die modus van interaksie met die aksie(-veld). Müller en ander (2001:82) stel dit soos volg, "The *how* of this participatory interaction has to be decided on during the early stage of the research process. Various methods can be used by the researcher in order to hear the story of the action". Hierin verwys die skrywers na die lees van toepaslike literatuur, waarneming, deur met mense te gesels en dan hul verhare neer te skryf deur gestruktureerde, half-gestruktureerde en ongestruktureerde gesprekke met hulle te voer, asook die maak van oudio- en/ of video-opnames. Hulle wys ook daarop dat die navorser bewus moet wees van die verskillende diskoerse binne die gemeenskap wat 'n effek het op die aksie(-veld) en die betrokke mense. Hierdie bewustheid kan daartoe lei dat 'n wye spektrum van perspektiewe na vore kom, wat dit vir die navorser baie moeilik kan maak om gefokus te bly op die aksie(-veld) wat nagevors word. Daarom moet die navorser bepaalde besluite neem ten opsigte van die beperkinge en grense van sy studie. Daar moet 'n fokus wees op 'n spesifieke aksie(-veld) vir 'n spesifieke navorsingsprojek.

2.2. DIE HABITUS (AKSIEVELD) VAN HIERDIE NAVORSING: *DIE VERHALE VAN KINDERS WAT SEKSUELE MISBRUIK OORLEEF HET.*

Die aksie en aksieveld van kinders wat in hul vroeëre kinderjare seksueel gemolesteer is en hul verhale van oorleef en opstaan teen die effek daarvan, het so 'n indruk en appél op my gemaak dat ek graag in hierdie navorsing spesifiek wil fokus op en wil interreageer met hierdie aksie(-veld).

2.2.1 Die *verhale* van kinders wat seksuele misbruik oorleef het.

Müller (2000:8) sien die lewe as reis. Wanneer 'n mens lewe, het jy vertrek, is jy op pad. Müller verkies die verhalende benadering omdat dit hierdie op-pad-wees van ons lewe ernstig neem en benut. Die onderliggende filosofie maak vir hom sin en vind hy dit 'n sleutel tot die verstaan van menswees en menslike ervarings. *Die lewe is 'n reis*. Ons reis afsonderlik en gesamentlik. Ons kom iewers vandaan en ons is êrens heen op pad. Ons het 'n verlede en 'n toekoms en met ons verhale probeer ons om hierdie twee - die verlede en die toekoms - by mekaar te laat aansluit. Müller (2000:9) is in sy nadenke hieroor gelei deur H. R. Niebuhr:

The past and the future are not the no-longer and the not-yet; they are extensions of the present. They are the still-present and the already-present. My interpersonal past also is with me in all my present meetings with other selves. It is there in all my love and guilt. The self does not leave its past behind as the moving hand of a clock does; its past is inscribed into it more deeply than the past of geologic formations is crystallized in their present form. As for the future, the not-yet, it is present in my now in expectations and anxieties, in anticipations and commitments.

To be a self is to live toward the future and to do so not only in the form of purposiveness, but also of expectation, anticipation, anxiety, and hope. Past, present, and future are dimensions of the active self's time-fullness. They are always with it from the moment it has realized that "I am I".

Die toekoms word die reeds-teenwoordige en die verlede word die steeds-teenwoordige in die verhale wat ons vertel. Die toekoms en die verlede word 'n spanningsvolle en kragtige *nou*. Die verhale wat onthou word en die verhale wat verwag word, vorm die ervaring in die hede.

Mc Phie & Chaffey (1998:5) meld hoedat hulle getuies was van hoe kragtig die gebruik van metafore en analogieë kan wees. Hulle vertel hoedat in gesprekke die kinders wat seksuele misbruik oorleef het se verhale dikwels vergelyk word met 'n *reis*, "The young women had found that having an image of themselves as travellers rollerblading on a bendy highway, or like certain characters (real life or fictional) was an important way that they could use to stay connected to what they wanted to be". Hulle het aanklank gevind by die konsep van 'n reis daarin dat 'n reis die idee oordra dat wanneer mens na die kwessies in jou lewe kyk dit nie 'n seepgladde, lineêre paadjie is nie, en dat dit harde werk is en dat dit dikwels so is dat mens heen-en-weer moet reis tussen plekke.

2.2.1.1 Die reisverhaal.

*I travel because I like to move from place to place,
I enjoy the sense of freedom it gives me,
it pleases me to be rid of responsibilities, duties;
I like the unknown;
I meet odd people who amuse me for a moment...*

*I am often tired of myself and I have a notion that by travel
I can add to my personality and so change myself a little.
I do not bring back from a journey quite the same self that I took,*

(W.S. Maugham in Haines 1954:32)

“There is only one thing to do”, said Mr. Scornful. “We must try to find our way to the Land of Far-Beyond”. Met hierdie woorde word die verhaal van ‘n groep kinders wat wegbreek uit hul huis in die *Stad van Ontwrigting* om ‘n reis na die pragtige *Land van Ver-Hiervandaan* aan te pak, mee begin. Hulle (pelgrims-) reis neem hulle op roetes waarop hul uithou vermoë tot die uiterste toe beproef word soos wat hulle worstel-reis deur die *Woud van Verleiding*, die *Huis van Leuens*, en die *Kasteel van die Reus Wreedheid*, maar ook vind hulle vreugde op hul reis, in die *Huis van Vrede* en op die *Trap-klippe van Waarheid*. Enid Blyton (1998) baseer haar verhaal op die klassiek-christelike fabel van John Bunyan, *The Pilgrim’s Progress* (1678). Reisverhale is selfs ouer as hierdie klassieke werk van John Bunyan. Verhale van reise was onder die eerste stories wat deur die primitiewe mense oorvertel is, en weens die mondelinge oordrag daarvan het dié oudste vorm van reisindrukke in die vergetelheid geraak. Om na ‘n onbekende land te reis, om na die aard van die landskap, die mense en hul maniere daar te leer ken, bly steeds ‘n opwindende ervaring.

Primêr behoort die reisprosa tot die beskrywingskuns. Dit is eie aan die aard van die subgenre van die kunsprosa dat die landstreke waardeur gereis word of waarop die aandag gerig word, die uitgangspunt van die beskrywing sal wees. Die gerigtheid van die reisiger-waarnemer op ‘n empiriese ruimte en meer bepaald op ‘n onmiddellike fisiese ruimte bring mee dat dikwels meer klem op die spesifieke konstituerende elemente gelê word. ‘n Kenmerk van die strukturele organisasie van die reisprosa is dat die persoonlikheid van die waarnemer-reisiger ten nouste met dié ruimtebeskrywing geïntegreer is. Die reisiger-verteller, as die hoofkarakter,

bied vir die leser beskrywings aan van die indrukke wat die bereisde land op haar gemaak het. Reisbeskrywings kan varieer van 'n subjektiewe verslag tot 'n objektiewe beskrywing met noukeurige gegewens oor geografiese en historiese besonderhede.

Alle reisverhale het die volgende kenmerke gemeen: 'n ruimte wat deur 'n reisiger tydens 'n bepaalde reis besoek word; en dan sy/ haar reisherinneringe in 'n vorm wat vir die reisprosa doelmatig is, verwoord. Die konstituerende elemente in die reisverhaal, naamlik waarnemer-reisiger (vertellende reisiger), tyd, ruimte en plot, is aan die volgende aanbiedingswyse onderhewig: in die reisverhaal word alle reisindrukke vertel en beskryf vanuit die gesigshoek van die reisiger-waarnemer – die skrywer is dus die spreker en in alle opsigte vervul hy/ sy die funksie van die eerstepersoonverteller. Die teoretiese dualiteit, soos 'n mens dit in die romankuns tussen skrywer en fiktiewe verteller vind, bestaan in die reisprosa nie. Die feit dat die reisverhaal altyd vanuit die perspektief van die eerste persoon aangebied word, gee aan dié subgenre 'n subjektiewe, persoonlike en intieme karakter.

Tog is die reisprosa geen dokumentêre weergawe van die waargenome werklikheid nie; volgens die intensie van die skrywer word die materiaal geselekteer en georden tot 'n organiese geheel waar 'n bepaalde essensie van menswees van die bereisde land by alle prosa van formaat uitgelig word. Hierdie standpunt word verder deur A. P. Grové (1969:13) verruim, "...die dokumentêre gegewe word deur die belewing en interpretatiewe deurskouing van 'n gevoelige mens omskep tot 'n stuk literatuur". 'n Verdere kenmerk kan uit die volgende woorde van Hennie Aucamp (1978) in *Nagboot na Ierland* afgelei word: "Ek is soos 'n kamera ingestel op die aanwesiges. Speurend kyk ek van links na regs en van regs na links." Dit gaan hier om die besondere instelling van die reisiger-waarnemer teenoor die vreemde werklikheid. Dit is ook duidelik dat die skrywer nie bloot kameranlens wil wees nie, hy wil betrokke wees en as't ware sy ruimte met 'n derde oog verken.

Die reisverhaal is geen filmiese weergawe van reisindrukke nie, nog minder is dit 'n statiese opgawe van byvoorbeeld bevolkingsyfers of landbouproduksie. Reisverhale wat enigsins iets van 'n tydloosheid besit, is 'n subjektief geselekteerde herskepping van die waarnemings van die reisigers van die bereisde land. Die reisverhaalskrywer moet sy belewenisse van die vreemde so in taal manifesteer en die gebeure so orden dat hy/ sy die belangstellende leser 'n reisgenoot kan maak.

Dat reis en die verslaggewing daarvan, sedert die oertyd tot vandag, 'n aktiwiteit van die mens was, blyk uit die enkele verwysings na die geskiedenis van die reisverhaalkuns. Ongeveer 850 v.C. vind 'n mens Homeros se *Odusseia*. Dié epos is in digvorm geskryf en handel oor Odusseus se terugtog ná die Trojaanse oorlog. Die *Moderne encyclopedie der wereldliteratuur* beskou die epos as "...het oudste voorbeeld van reisliteratuur", en by dié siening kom daar nog 'n plusfaktor, naamlik dat dit "...de literatuur (is) waarbij de reis word gezien als een symbool, byvoorbeeld van het menslijk leven of een fase daarvan". Elsa Joubert (1972) deel die mening dat die reisverhaal die moontlikheid van 'n simboliese duiding kan hê, "...die reisverhaal word die ideale medium vir die allegorie of simboliese vertelling", en volgens haar bly die mens op reis "...nie staties nie, hy verander, die reis en sy wedervaringe bring sy latente eienskappe na vore". Die laat middeleeuse teks van Dante, die *Divina commedia*, is 'n treffende voorbeeld van die simboliek wat in die menslike pelgrimstog ingewef is. *The Pilgrim's Progress* van John Bunyan is 'n religieus-filosofiese beskrywing van 'n pelgrimstog wat as produk van die sewentiende eeu nog altyd en orals geldig is. Die sewentiende eeuse reisbeskrywings het ook die weg vir die avontuur-roman van die agtiende eeu gebaan. Die Nederlandse reisjoernaalskrywers het in sewentiende-eeuse Hollands as "...vaarders na die onbekende" hul avonture verhaal.

2.2.2 Die verhale van *kinders* wat seksuele misbruik oorleef het.

In 'n poging om misbruik op 'n eenvoudige wyse te illustreer, spring Maxine Joy (1999:147) in haar artikel, *Shame on who? Consulting with children who have experienced sexual abuse*, weg met 'n eenvoudige vertelling van haar seun wat sy pa aanmoedig, "Jump higher than you can", om sodoende sy rooi ballon wat in 'n boom se takke vassit, uit te haal. Wanneer 'n kind 'n volwassene vra om hoër te spring as wat hy/ sy kan, verduidelik sy, is dit vir ons snaaks en vermaaklik. En kan die volwassene betekenis daaraan toeken en gerus wees in die wete dat hy/ sy die mag het om die versoek te weier. Maar wanneer 'n volwassene van 'n kind verwag 'om hoër te spring' as wat hy/ sy kan, maak dit geen sin nie. Gewoonlik is dit onregmatig en misbruikend. Joy (1999:147) stel dit soos volg, "Abuse is about the imbalance of power in relationships. The more powerful take advantage of and exploit the less powerful, privileging their own needs and feelings over those of others." Bewustheid hiervan noop my as terapeut en navorser om sensitief te wees daarvoor dat die idees, kenniseenhede en behoeftes van die volwassene dikwels voorhang geniet bo dié van die kind. Hierdie soort van response word dikwels geïnformeer deur onkunde en 'n bewustheid van volwasse aanspraakmaking ("adult entitlement"). Wanneer dit egter voorkom, konstitueer dit 'n volwassene wat van 'n kind verwag "...to jump higher than he/ she can".

Die verhale wat aangebied sal word in die verloop van hierdie navorsingsverhaal – en talle ander soortgelyke verhale – het my bewus gemaak van die belangrikheid om die toepaslikheid van die kinderjare te verstaan en te waardeer. Die kinderjare word gekenmerk deur 'n ontwikkelings-*reis* wat 'n invloed het op die betekenis en response beskikbaar aan 'n kind. Daar moet 'n bewustheid wees van hoedat hierdie betekenis met die verloop van tyd op wyses verander wat beide uniek aan individuele kinders is, maar ook kenmerkend is van kinders in die algemeen.

Indien ons kinders se beskrywinge van gebeure interpreteer deur volwasse belewenisse, behandel ons nie net die behoeftes en belewenisse van kinders op 'n neerbuigende wyse nie, maar faal ons daarin om toerekenbaar te wees ten opsigte daarvan. Dit beteken dat ons daarin faal om waar te neem, erkenning te gee, en te noem, enige unieke daad van slim planne maak, dapper wees of weerstand bied, wat die kind in staat kon stel om die effek van die misbruik te bowe te kom. Joy (1999:148) stel dit dat wanneer ons erkenning gee aan die kinderjare-*reis* en die betekenis wat kinders daaraan toeken, dat ons begin om bewus te wees van wat sy na verwys as "...the politics of adult-child relations".

2.2.2.1 Die politiek van volwassene-kind-relasies en die politiek van misbruik.

Wanneer kinders hul verhale na die terapeutiese ontmoeting bring, is dit nie net verhale van seksuele misbruik nie, maar verhale van seksuele misbruik binne die konteks van kind-wees in 'n samelewing waarin gewoonlik voorrang gegee word aan die volwassene se regte, gevoelens en gemak teenoor die behoeftes van die kind. Die verhale van kinders wat seksuele misbruik oorleef het, illustreer die wanbalans in kennis, kognitiewe ontwikkeling en onafhanklikheid wat tussen volwassenes en kinders bestaan. Voeg hierby die verskille in status, outoriteit, taalvaardighede, emosionele ontwikkeling, lewenservaring, fisiese krag, beweeglikheid, om maar net 'n paar te noem. Joy (1999:149) stel dit soos volg, "Together these constitute enormous power differences between adults and children". Wanneer volwassenes hierdie toedrag van sake sien as 'n posisie waarop hulle kan aanspraak maak eerder as 'n bevoorregte posisie, is dit onwaarskynlik dat hulle op 'n verantwoordbare wyse teenoor kinders in ons samelewing sal optree. Die uiteinde hiervan is dat kinders kwesbaar gemaak word in die noodsaaklike ontwikkelings-*reis* deur hul kinderjare.

Child sexual abuse consists of a set of subjugating practices or techniques of power perpetrated against the most vulnerable, dependant and impressionable members of our society. It involves the whole spectrum of dominant power/ knowledge from brute force and inscription on the body to the most subtle and difficult to detect forms of manipulation.

Linnell & Cora (1993)

Dit is krities dat die werk van die narratiewe navorser en terapeut met kinders wat seksuele misbruik deurleef het, geïnfomeer word deur kennis en begrip van *die politiek van misbruik*. Dit is verder nodig dat die volgende twee faktore in gedagte gehou word. Eerstens, 'n verbintenis daartoe om die betekenis wat kinders met hul eie uitdrukkingswyses aan hul lewens toeken, te (probeer) verstaan, en tweedens, 'n verstaan van *die politiek van volwassene-kind-verhoudings*. Wanneer die narratiewe navorser en terapeut dit doen, daag hy die interaksionele interpretasies uit waarbinne misbruik gesien word as simptome van 'n algehele gesinswanaanpassing en disfunksie. Hierdie sienswyses van misbruik minimaliseer en misreken die betekenisinhoud van die magswanbalans betrokke, soveel so, dat alle gesinslede betrek word met die gevolg dat terme soos "incestuous family", en die koestering van mites soos "kinders het die vermoë om volwassenes te verleï", en "mother-blaming" toegepas word.

Kinders is afhanklik van volwassenes en beskik oor minder mag. Gevolglik word kinders intens geraak deur die reaksie van volwassenes na aanleiding van die openbaarmaking van die seksuele misbruik. Dikwels word die navorser/ terapeut bewus van kinders in terapie se desperate pogings om te voldoen aan die verwagtinge, behoeftes en gevoelens van daardie volwassenes wat vir hulle belangrik is. Talle kinders beleef uitermate skaamte en skuldgevoelens omdat hulle nie dadelik oor die misbruik gepraat het nie. Maxine Joy (1999:150) stel dit soos

volg, “These children have been exposed to, or have tuned into, the despair of caring, responsible family members who are blaming themselves for failing in their role as protector. These children take upon themselves the responsibility for adult grief: ‘It is my fault, I should have told sooner’. Sometimes this statement is posed by the child as a self-accusatory question: ‘Why didn’t I tell sooner?’ ”. In kontras hiermee staan daardie kinders wat hulself blameer omdat hulle wel gepraat het.

Een van die mees belangrike aspekte in die verstaan van die politiek van seksuele misbruik van kinders is om te erken dat die misbruik ‘n besliste, beplande aksie was. Joy (1999:151) stel dit soos volg, “The abusing person coerces the child by either the application of trickery that masks the real nature of what is intended, or by instilling intense fear as to the consequences of refusing to co-operate”. In bykans al die seksuele misbruik situasies waarmee ek gewerk het, was dit vrees wat die *geheim* in stand gehou het.

Kinders is uitgelewer aan die genade van die volwasse oortreder se vermoë om situasies en betekenis te manipuleer, soos die inkorporering van attributiewe woorde - byvoorbeeld “ons” - wat wedersydse verantwoordelikheid aandui en sodoende die kind se rol en aandeel in die misbruikende gedrag impliseer. Kinders leer mettertyd om verantwoordelik te voel en die skuld te dra. Openbaarmaking van die seksuele misbruik deur die kind roep dikwels vernedering en verleentheid na vore, asook die moontlikheid om nié geglo te word of verwerp te word deur daardie mense van wie hulle afhanklik is en vir wie hulle lief is. Die kind kan ook vrees beleef oor die skade en seer wat die oortreder aangedoen word deur openbaarmaking veral as hy/ sy ‘n gesins- of familielid is. Vir sommige kinders bestaan die vrees daarin dat hul eie veiligheid of die veiligheid van ander gesins- of familielede deur openbaarmaking in die gedrang kom.

2.2.2.1.1 Aanspreeklikheid en terapeutiese praktyk.

My werk met kinders wat seksuele misbruik beleef het, posisioneer die bevoorregte volwassene, wat meer mag besit, as die een wat ten volle verantwoordelik is vir die misbruikende gedrag. Aanspreeklikheidspraktyke wat fokus op die behoeftes en ervarings van kinders behoort geïnformeer te word deur respek vir en waardering van 'n ontwikkelingsverstaan van kinders se eie betekenis en kennis. Dit impliseer die empatiese en intellektuele vermoë om jouself in die kind se posisie te plaas en om die wêreld te sien soos wat die kind dit op daardie stadium in hul reis deur die kinderjare sou sien. Dit vereis ook 'n verstaan van die politiek van volwasse-kind verhoudings soos reeds bespreek in paragraaf 2.2.1.

Die konsep en gepaardgaande aanspreeklikheidspraktyke binne hierdie konteks word geïnformeer deur begrippe soos die verpligting om te versorg, eerder as vennootskap. Begrippe soos vennootskap impliseer die strewe na 'n gewenste toestand van gelykheid waarvan die wanbalanse van mag en voorreg verwyder is. Aanspreeklikheidspraktyke wat gebaseer word op die verpligting om te versorg impliseer nie die moontlikheid van gelykheid nie vanweë die onmiskenbare ontwikkelingsverskille tussen volwassenes en kinders. Joy (1999:153) stel dit soos volg, "Accountable practices requires us to be attuned to the developmental constraints on children's thinking, not in terms of deficits, but as a means of understanding and interpreting behaviour and experience according to the child's world".

Leila Berg (in Flavel & Francis 1993:159) se waarnemingsryke skryfvermoë illustreer iets van die dilemma waarmee volwassenes gekonfronteer word in hul poging om die ervarings van die kind te huldig:

A woman was watching a child build a sandcastle and not succeeding and found herself very surprised that the child didn't lose his temper; almost she decided to help the child. Much later, still thinking about the child's surprising self-control, she suddenly realised that the child wasn't building a sandcastle at all – but that she, the adult, assumed that was what he was doing and therefore that he was failing. If we look at children from the height of the little hill we have captured, they are bound to seem unsuccessful adults. Unfortunately, we have the power to act on our arrogant and mistaken assessment of the situation, and generally do so. So we hurry on, desperately trying to organise the chaos that is building up in our own untranquil mind, listening only to what the child would mean if he were adult and not to what the child is saying.

Ek sluit aan by Maxine Joy (1999:153) daarin dat sy in haar werk met kinders aanspreeklikheid promoveer op die volgende wyses:

1. Om te konsulteer met nie-misbruikende/ nie-oortredende ouers of versorgers alvorens enige ontmoeting met die gesin, wat die betrokke kind sou betrek, plaasvind. Dit maak dit moontlik om aanvanklike gevoelens soos rou, skuld en ongeloof, wat algemeen voorkom na openbaarmaking, aan te spreek sonder dat hierdie volwasse emosies en ervarings afgedruk word op die kind. Ten opsigte van die kind wat in 'n kindershuis inwoon en versorg word, en waar eie ouers dikwels nie beskikbaar is nie, vind konsultasie plaas met die betrokke kinderversorger en maatskaplike werker om enige dergelyke geskiedenis waarin volwasse emosies op die kind geïmponeer is, vas te stel.

2. Om die effek van die misbruik op die kind aan te spreek binne die konteks van die kind se ervaring. Dit sluit die effek in van:

- die misbruikende gebeure,
- die response en reaksies van gesins- en familielede,
- die ingrepe van ondersoekagente,
- verwagtinge ten opsigte van skoolprestasie.

Ten opsigte van die kinderhuiskind moet die volgende effekte ook aangespreek word:

- regsingrype en regsprosesse,
- hofverrigtinge en (moontlike) gevangeneming van die oortreder/ gesins-, familielid,
- verwydering van die kind vanuit sy/ haar situasie,
- plasing van die kind in onder andere 'n plek van veiligheid, pleegsorg en 'n kindershuis.

3. Om wyses te ontwikkel wat die komplekse taak – vir die kind – om die politiek van seksuele misbruik te dekonstrueer, moontlik te maak. Kinders kan dan vir hulself antwoorde op hul mees dringende vrae ontdek, soos:

- Moet ek die blaam vir die misbruik dra?
- Het ek die misbruik verdien?
- Het dit gebeur as gevolg van iets wat ek gesê, gedoen, of omdat ek op 'n sekere manier opgetree het?
- Hoekom het ek vir niemand daarvan gesê nie?

4. Om kinders aan te moedig om hul ervarings te bespreek op 'n wyse wat pas by hul vlak van volwassenheid om sodoende dit moontlik te maak dat hul gevoelens, idees en die betekenis wat hulle toegeken het, erken en gerespekteer word.

2.2.2.1.2 Om betrokke te raak: *Die vestiging en handhawing van die navorsings- en terapeutiese verhouding.*

Seksuele misbruik word gekenmerk deur die ekstreme oortreding en skending van grense, privaatheid en vertroue, en bied dus voortgaande uitdagings en dilemmas in verband met “betrokke raak” (“engagement”) by hierdie kinders. Hoe respekteer ek persoonlike grense wat geskend is en nie gerespekteer is deur misbruikende volwassenes nie, terwyl ek terselfdertyd geleenthede skep vir die hantering van die effek van die misbruik? Hierdie uitdagings en dilemmas is nie net teenwoordig met die aanvang van terapie nie, maar is voortgaande. Soos wat die aard en effek van die misbruik met verloop van tyd openbaar gemaak en bespreek word, word toenemende persoonlike en intieme ervarings hanteer. “Engagement” – betrokke raak, kan daarom nie beskou word iets wat ons doen in die aanvanklike ontmoetingsessies om sodoende vertroue te wen nie. Dit is nie ‘n fase nie, maar ‘n voortgaande deel van die terapeutiese proses. Maxine Joy (1999:155) stel dit soos volg, “I regard *engagement* as a process of building and maintaining a therapeutic relationship, which requires continual attention to details, as is required for the development and maintenance of any caring and respectful relationship”.

Betrokke raak (“engagement”) - in hierdie sin – word onderneem in samewerking met die kinders in terapie. Die proses word begin deur die volwasse terapeut en kind as individue by mekaar betrokke raak, en as dit suksesvol is, kan die volwasse terapeut en kind by mekaar betrokke raak aangaande die probleem. Joy (1999:155) bespreek dan ‘n aantal aspekte wat die vestiging en handhawing van ‘n terapeutiese verhouding met kinders bevorder, te wete:

- om sensitief te wees vir die kind se gereedheid en selfvertroue om by te dra tot die gesprek,
- om aan die begin van elke ontmoeting geleentheid te skep vir die noem van en erkenning gee aan die positiewe hoedanighede van die kind,

- om waarde toe te ken aan die kind se opmerkings eerder as om volwassenes se idees en opmerkings te handhaaf,
- om respek te toon teenoor die kind deur die aanbied van keuses en deur toestemming te vra waar toepaslik,
- om taal te gebruik wat deur die kind verstaan word,
- om notisie te neem van kwaliteite, prestasies en optredes van slim en vinnige denke, en om kommentaar daarop te lewer,
- om woorde en frases te kies wanneer ek met die kind praat wat my posisie ten opsigte van wie verantwoordelik is vir die misbruik, duidelik te maak.

Kinders is nooit passief ten opsigte van misbruik nie. Kinders doen enorme moeite om betekenis toe te ken aan dit wat met hulle gebeur, en om te besluit watter aksie in respons daarop te neem. Dit is uiters belangrik dat hulle stories van dapperwees, vasberadenheid, weerstand bied, innovasie, en 'n omgee vir ander, uitgelig en gevier word as heldedade (“acts of heroism”). Verder is dit vir my belangrik om myself deurgaans daaraan te herinner dat ek deel is van 'n kultuur wat meer geredelik die behoeftes en ervaringe van die volwassene bo dié van die kind uitlig. Dit maak my oplettend daarvoor om myself aanspreeklik te hou vir die behoeftes en ervaringe van die kind in terapie. Maxine Joy (1999:169) merk op, “An adult position which is supported by sanctioned and institutionalised power and privilege can easily render invisible the needs and experiences of children”. Sy stel verder, “Children are wonderful teachers. In their unique way, they have shown me great tolerance as I’ve struggled under the burden of my *adult blindness* to enter their world of meaning. They have never ridiculed me when I failed to catch on to what they were explaining to me. I have always been given a second chance”.

2.2.2.2 Michael White: *The politics of power.*

Een van die dinge wat vir Freedman & Combs (1996:37) aantreklik is van Michael White se *stem* is die wyse waarop hy *die politiek van mag* aanspreek. White

argumenteer vir 'n "constitutionalist perspective" wat voorstel dat terwyl ons as mense geen wesentliche waarheid kan ken nie, dit so is dat die ervaringswaarhede ("experiential truths") van ons daaglikse lewe gekonstitueer word deur die stories wat ons lewe. Michael White skryf (1993:125),

The constitutionalist perspective that I am arguing for refutes *foundationalist assumptions* of objectivity, essentialism, and representationalism. It proposes that the essentialist notions are paradoxical in that they provide descriptions that are specifying of life; that these notions obscure the operations of power. And the constitutionalist perspective proposes that the descriptions that we have of life are representations or reflections of life as lived, but are directly constitutive of life; that these descriptions have real effects in the shaping of life.

Freedman & Combs (1996:37) meld dan dat om Michael White se hantering van mag ("power") beter te verstaan dit nodig is om iets van Michel Foucault se werk te weet. Foucault was 'n Franse intellektueel wat studies geloods het onder andere oor hoedat mense binne die Westerse samelewing gekategoriseer is as "normaal" en "abnormaal". Hy het onder andere mal-wees, siek-wees, kriminaliteit, en seksualiteit bestudeer as konsepte waaronder mense geëtiketteer is as kranksinnig, siek, krimineel, of pervers (verdorwe), en beskryf hy die verskeie wyses waarop mense op grond van hierdie etikette geskei, geïsoleer en onderdruk is. Vir Foucault is taal 'n magsinstrument, en mense se mag binne die samelewing staan in direkte korrelasie met hul vermoë om deel te neem aan die verskeie diskoerse wat vorm gee aan daardie samelewing. Die mense wie se stemme die gesprek domineer oor wat byvoorbeeld kranksinnigheid konstitueer, sou die mense wat deur hulle *beskou* word as mal of kranksinnig, kon skei van byvoorbeeld die "aangename samelewing", en is hierdie mense dikwels geïsoleer in inrigtings waar hul stemme afgesny is van die *aangename* diskoerse.

2.2.3 Die verhale van kinders wat *seksuele misbruik* oorleef het.

Ek was tien jaar oud. Ek het in die oom se woonstel wakker geword... my ma se boyfriend. Ek het nie klere aangehad nie en my onderlyf was baie seer. Ma was ook daar... sy sê dit was nie verkragting nie, hy het my net 'die feite van die lewe geleer'. Hy't my ma R500 betaal dat ek nog drie keer by hom moet slaap. Daarna het hy my betaal... twintig-sente, icing koekjies en sulke 'wit pille'.

(uit die verhaal van een van die Talitha Kumi-groepslede)

Ek bied vir die doel van die bespreking van hierdie aksieveld verskeie definisies aan van seksuele misbruik:

Wendy Maltz (1991:31) stel haar definisie kort en eenvoudig, "Sexual abuse occurs whenever one person dominates and exploits another by means of sexual activity or suggestion".

Anne Bannister (1991:77-93) brei ietwat hierop uit, "Child sexual abuse takes many forms, from fondling to rape and the damage is caused by the betrayal of trust and the abuse of power, rather than by the nature of the sexual act. Abusers will choose a child who is most available - so most abuse occurs within the family, or within a circle of extended family and friends. Boys as well as girls are abused...".

Jane Tassie ('n mede-werker by die Dale Street Women's Health Centre, Sydney) skryf in 'n "handout" eers oor die kwessie van *instemming* ("consent") alvorens sy csa ("child sexual assault") definieer.

Adolescents and children are physically and emotionally dependent on adults. Because of this dependence on adults, they cannot be considered as “free agents”. This is particularly important when we are looking at the whole question of *consent* to sexual activity. Children are not able to give true consent to sexual activity with an adult because they will always be in a less powerful position. True consent can only occur between equals. Children are often forced, bribed or tricked into sexual activity with adults.

They may have been told that the sexual activity was what always went on between adults and children, that everyone did this sort of thing. They may have been given money or other bribes to keep silent about the abuse. This does not mean they have consented to the abuse. A child or adolescent who is psychologically and physically dependent on older persons/ adults cannot have the legal or psychological freedom to give her/ his independent consent to adult sexual practices.

Haar definisie soos weergegee in die bovermelde “handout”, lui soos volg:

We define *child sexual assault* as any sexual behaviour directed at a person under the age of sixteen without that person’s consent. The absence of consent, as we have seen above, is crucial. Incest and mild sexual abuse can begin at any age from a few weeks old and includes a wide range of sexual behaviours. It may involve touching the child’s body or asking the child to touch the adult’s body in a sexual way, rape (oral, anal, vaginal); inducing the child to watch pornography or pose for pornographic pictures; kissing in an uncomfortable way; exhibitionism; peeping or making verbal comments and propositions.

An adult or a young person may sometimes doubt that reality of the sexual abuse to which she was subjected in childhood. Her memory of the actual events may be fragmented, vague or sometimes completely shut off from conscious awareness. When a woman or girl thinks she may have been subjected to child sexual abuse, we accept the abuse as reality and encourage her to believe herself.

Because incest/ child sexual abuse has only been 'discovered' in the last ten or fifteen years, many people believe we don't yet know the full extent of child sexual assault - that is, we can't be sure how many children have been abused. Different studies have estimated that from 6 - 62 per cent of girls and from 3 - 31 per cent of boys have been sexually abused. Where the definition of child sexual abuse is confined to sexual penetration, researchers find a much lower rate of sexual abuse. *Where researchers extend their descriptions of child sexual abuse to include any unwanted touching, behaviour or speech by a person older and bigger which is sexual in its intention, their research will indicate a high rate of sexual abuse.*

Bass & Davies (1988:41) se definisie sluit die effek van die misbruik in, "When children are sexually abused, their natural capacity is stolen. You were introduced to sex on an adult's timetable, according to an adult's needs. You never had a chance to explore naturally, to experience your own desires from the inside. Sexual arousal became linked to feelings of shame, disgust, pain and humiliation".

Amanda Kamsler (1990:10) bied omskrywinge van "child sexual assault", "incest" en "family" aan:

Child sexual assault is a sexual act imposed on a young person or child by another person (usually male). The ability to engage a child in a sexual relationship is based on the all-powerful and dominant position of the adult (or older adolescent) offender, which is in sharp contrast to the child's age, dependency, and powerlessness. Authority and power enable the perpetrator to coerce the child into sexual compliance.

Incest is any sexual act imposed on a young person or child by another person (again usually a male), taking advantage of his position of power and trust within the family.

Family can mean natural parents, stepparents, grandfathers, uncles, brothers, and so on.

2.2.4 Die verhale van kinders wat seksuele misbruik oorleef het.

Die woord *survivor* impliseer vir die doel van hierdie navorsing die *oorlewing* van seksuele misbruik/ molestering. "By definition", skryf Briere (1989:58), "...sexual abuse occurs in a context of powerlessness, intrusion, and authoritarianism". Met "authoritarianism" verwys Briere na verhoudings waarin daar 'n "one up" persoon is wat oor een of ander vorm van beheer en gesag beskik oor 'n "one down" persoon. "Since therapy for sexual abuse trauma is intended to remedy the effects of such dynamics, it is important that the treatment process do not recapitulate them". Briere meen dat die doelwitte van misbruik-gefokusde terapie verder as bloot oorlewing strek – uiteindelik strek dit tot integrasie en self-bevestiging ("self-affirmation"). Briere merk verder op, "It is important for a survivor to move from *victim* to *survivor* and beyond". Retief (in Retief & Conroy 1997:43) verwoord hierdie uiteindelijke self-bevestiging as "thrivers".

Bass & Davies (1994:24) skryf ook oor “thriving”, “However, it is possible to heal. It is even possible to thrive. *Thriving* means more than just an alleviation of symptoms, more than band-aids, more than functioning adequately. Thriving means enjoying a feeling of wholeness, satisfaction in your life and work, genuine love and trust in your relationships, pleasure in your body”.

2.3. OM “CURIOUS” EN NAÏEF TE WEES.

Ek is die afgelope tien jaar - as ‘n pastorale werker en leraar – betrokke by die geestelike bediening en pastorale begeleiding van tieners en kinders. In hierdie tyd het talle tieners en kinders se *survivor*-verhale na vore gekom nadat hulle krisis beleef het met selfbeeld, verhoudinge, seksualiteit, eet-versteurings, depressie, aggressie, self-destruktiewe gedrag, substans-misbruik en selfmoordpogings. Dit was dan ook in hierdie tyd dat ek kennis gemaak het met verskeie terapeute en navorsers en hul benaderings, onder andere Yvonne Retief, wat verbonde is aan die Transaksionele Analise Instituut, René Potgieter, wat verbonde is aan die R.P. Kliniek, en Vollie Spies, dosent aan die Universiteit van Suid Afrika.

In my “curious”-wees en soeke na materiaal en literatuur oor seksuele misbruik en hoe dit kinders en tieners se lewens raak, het ek Ellen Bass en Laura Davis se boek *The Courage to Heal: A guide for women survivors of child sexual abuse* raakgeloop, wat ‘n enorme impak op my eie denke en benadering gehad het. My avontuurlus, nuuskierigheid en weetgierigheid het my in 2000 na Dulwich Centre, Suid Australië geneem waar ek nie net ingelei is in die Narratiewe Terapie aan die voete van vooraanstaande navorsers soos Michael White, Jill Freedman en Gene Combs nie, maar kon ek ook talle intensiewe werksinkels oor temas soos *Women with Eating Difficulties: Bulimia, Anorexia Nervosa, Over-eating; Winning over Depression*; en *Silent Too Long*, bywoon. Ervaringe, insigte en “knowledges” wat verweef geraak het met my eie manier van wees, dink en doen - eintlik nie ‘verweef’ nie, maar wel my *preferred* manier van wees, dink en doen geword het.

In my huidige situasie as geestelike en pastorale werker by Jakaranda & Louis Botha Kinderhuise asook Berg & Dal Swangerskap Krisis Sentrum, hoor ek soortgelyke verhale, en daarom wil ek steeds beter verstaan hoe hierdie kinders se lewens en verhoudinge deur seksuele misbruik geaffekteer word, en wil ek 'n *mede-reisiger* van hierdie dapper *survivors* word in hul ontdekkingsreise na alternatiewe verhale en aksies, wil ek 'n *mede-verteller* word van hierdie uitkomstige en alternatiewe, voorkeur verhale, en wil ek 'n *mede-aktivis* word in die transformasie van hul lewens en verhoudinge, omstandighede en gemeenskappe.

In haar artikel *Stories of mothers with differently abled children: a research proposal* (in Kotzé & Kotzé 2001:170) maak die skrywer – Ryna Grobbelaar - gebruik van die term “research curiosity”, en verduidelik sy in die voetnota, “Research curiosity is preferred in place of terminology such as ‘research question’ or ‘research problem’”. Hierop formuleer sy dan ‘n paar dinge waaroor sy “curious” is. Haar gebruik van hierdie term (“research curiosity”) en daaropvolgende formuleringe het my laat nadink oor dít waaroor ek self “curious” is in my navorsing.

Ek is “curious” oor...

- ...hoe kinder *survivors* hul geleefde ervaringe (kinderjare seksuele misbruik en die effek daarvan) *storie*, maar ook hoe hulle hulself, hul lewens, hul verhoudinge, hul drome *storie*;
- ...hoe kinder *survivors* daartoe kom om die verhale van hul geleefde ervaringe te vertel te midde van diskoerse wat onder andere geheimhouding en magswanbalanse bevestig in verhoudinge;
- ...hoe kinder *survivors* teen hierdie dominante diskoerse (en die effek daarvan) opstaan (“resist”);

- ...die ontwikkeling van hul alternatiewe verhale en die invloed daarvan op die onderdrukkende effek van die seksuele misbruik, asook die genoemde meegaande diskoerse;
- ...hoe kinder *survivors* se tot-nou-toe “unheard voices” en vertellings van hul “not-yet-said” en “preferred” identiteite en aksies reeds vertel is en steeds vertel kan word;
- ...die effek daarvan om hierdie verhale in ‘n groep (onder andere in ‘n “community of shared experience”) te vertel;
- ...die effek van “insider witness”-wees op hoe elkeen van die kinders hulself verder *storie*;
- ...die transformasiestappe en aksies wat die kinders (moontlik) gaan voorstel en implementeer.

2.4. OM ‘N “NON-EXPERT” TE WEES IN ‘N POSISIE VAN “NOT-KNOWING”.

Vir mense en gemeenskappe om hul verhale ten volle te vertel, is dit noodsaaklik dat die navorser wat vanuit ‘n narratiewe perspektief werk ‘n “not-knowing”-posisie in die navorsing moet inneem. Die “not-knowing”-posisie bied aan die navorser die geleentheid om aan sy mede-navorsers vrae te stel “...which are not informed by method and demand scientific answers” (Anderson & Goolishian 1992:28). Hierdie posisie-inname deur die navorser bied aan die mede-navorser(s) die geleentheid om hul verhale weer te gee soos wat hulle dit in hul elke-dag lewe leef, en bied dit aan die navorser die geleentheid om die verhale van sy mede-navorsers te volg soos wat hulle gekonstrueer is binne geleefde sosiale realiteite. Dyche & Zayas (1995) meld twee ingesteldhede: “cultural naiveté” en “respectful curiosity”, “We define naiveté as a state of openness and receptivity, a condition of un-knowing. Curiosity is defined as an activity that flows from naiveté and is composed of both the impulse to look beyond assumptions, and the love of surprise”.

Anderson & Goolishian (in Freedman & Combs 1996:45) skryf passievol en oortuigend oor die belangrikheid van die “not-knowing”-posisie. Hulle verstaan terapie (en navorsing) as ‘n proses waarin ons voortdurend beweeg na “what is not yet known”. Dit impliseer dat die navorser nie vrae stel vanuit ‘n posisie van voorverstaan nie, maar ook nie vrae stel waarop die navorser bepaalde antwoorde verwag nie. Derhalwe, ‘n “not-knowing”-posisie is nie ‘n “I don’t know anything”-posisie nie. Freedman & Combs verduidelik, “Our knowledge is of the process of therapy, not the content and meaning of people’s lives”. En spreek hulle die verwagting uit dat terapie (en navorsing) ‘n proses sal wees waarin mense *keuse* sal ervaar eerder as “settled certainties”.

Frank Baird (1996:57) sê die volgende oor die “non-expert stance” en “transparency”. Aangesien beide die *survivor* en die terapeut/ navorser beskou word as gewaardeerde deelnemers aan die terapeutiese gesprekke (en navorsingsproses), neem die terapeut/ navorser ‘n “non-expert stance” in. Die terapeut is nie die een wat die *survivor* of die *survivor* se probleem kan “fix” nie. Die terapeut is iemand wat daarvan oortuig is dat die *survivor* oor bepaalde kundigheid beskik wat tot hulp en voordeel van die *survivor* kan strek. Verder is die terapeut/ navorser in die terapeutiese gesprek/ navorsingsaksie deursigtig (“transparent”) oor sy kennis (“knowledge”) asook die bron van sy kennis en die wyse waarop hy dit aanwend. Die navorser wys dit pertinent uit dat dit sy kennis is en dat dit moontlik nie sal “fit” met sy gespreksgenoot/ mede-navorser nie. Op hierdie wyse objektiveer hy nie hierdie kennis nie, maar gee hy erkenning aan die sosiale relevansie daarvan.

“Not knowing” huisves ‘n ingesteldheid van nuuskierigheid (“curiosity”). Om te luister en fasiliterende en ophelderende vrae te stel vanuit ‘n posisie van “nuuskierigheid kan baie terapeuties wees. Anderson & Goolishian (1988:380) meen dat terapie (en navorsing) wat so benader word, “...is a process of expanding and saying the ‘unsaid’ – the development, through dialogue, of new themes and

narratives and, actually, the creation of new histories” (Freedman & Combs 1996:45). Anderson & Goolishian maak dit duidelik dat hulle van oortuiging is dat “the unsaid” nie iets is wat reeds bestaan nie. Eerder, dis iets wat na vore kom en vorm aanneem soos wat ons in gesprek is met mekaar. Dit maak dus baie saak waaraan die terapeut aandag gee wanneer hulle luister. Luister is geen passiewe aktiwiteit nie. Wanneer die terapeut luister, interpreteer hy. Dit trek egter nie ‘n streep deur die stelling, “We want to understand the meaning of their stories for them”, nie. Dit meen wel dat die narratiewe terapeut/ navorser sy rug keer op “expert filters”. Terwyl dit onmoontlik is om interpretasie te sistap, vermy ons tog die oortuiging dat ons meer van ‘n persoon se geleefde belewenisse weet as hyself, “The people we work with are the primary interpreters of their own experience”. Ek verkies om my te skaar by ‘n benadering tot terapie en navorsing wat, soos Alice Morgan (2000:2) dit stel:

...seeks to be a respectful, non-blaming approach to counselling and community work, which centres people as the experts in their own lives. It views problems as separate from people and assumes people have skills, competencies, beliefs, values, commitments and abilities that will assist them to reduce the influence of problems in their lives.

2.5. DIE MODUS VAN INTERAKSIE MET DIE AKSIEVELD.

Metodes – van ‘n meer kwantitatiewe aard - wat gebruik word om data te versamel, val in een of beide van die volgende twee hoofkategorieë, volgens Babbie & Mouton (2001:326): Onderhoude of Waarneming. Babbie & Mouton gaan egter verder en bespreek ook buitengewone tegnieke vir data-versameling (kyk paragraaf 2.5.3.).

2.5.1 Onderhoude.

In lyn met *Participatory Action Research* se kwalitatiewe aard is dit nie vreemd dat die meeste van sy voorstanders *oop onderhoude* verkies, en sodoende word enige oormatig rigiede struktuur vermy. Groep-onderhoude word ook gebruik. Om hul deelnemende aard te beklemtoon, word dikwels na hierdie groep-onderhoude verwys as “dialogue sessions”, aldus Rahman (1991:17). Onderhoude met “local informants” word dikwels beskou as belangrike bronne van inligting, spesifiek vir die veranderingsagent om hom-/ haarself toe te lig aangaande die konteks waarbinne die voorgestelde PAR projek geïmplementeer word.

2.5.2 Direkte sistematiese waarneming.

Volgens Fals-Borda (1991:10) word onderhoude vergesel deur wat hy noem “...personal participation and selective experimentation”. Dit is soortgelyk aan wat geken word as “participatory observation” binne ortodokse navorsingsterminologie. En, soos dit die geval is met enige ander metode van data-versameling, gebaseer op deelnemende waarneming, word die gebruik van “field notes”, ook genoem “field diaries” of “logs” beskou as ‘n sentrale gereedskapstuk vir hierdie tipe data-versameling binne PAR.

2.5.3 Die gebruik van buitengewone tegnieke vir data-versameling.

Alhoewel aanhangers van PAR hoofsaaklik bestaande metodes en tegnieke gebruik, wend hulle dikwels ook nuwer en buitengewone metodes en tegnieke aan, wat vreemd kan voorkom binne ‘n ortodokse navorsingsprojek. Die volgende tegnieke – wat meestal hul oorsprong het vanuit Fals-Borda se praktykervaringe – word as nuttig beskou:

2.5.3.1 Kollektiewe navorsingsmetodes.

Deelnemers ontmoet periodiek in openbare bymekaarkomplekke soos kampe, werksinkels of uitstappies. Alhier word inligting versamel en gesistematiseer op groepsbasis terwyl die deelnemers betrek word by 'n wye verskeidenheid van “expressive activities”, wat die ondersoek verryk. Hierdie ontmoetings word beskou as belangrike bronne van data en objektiewe kennis van feite. Ek verwys graag na die bespreking in hoofstuk 5 van onder andere “leagues”, “communities of shared experience”, en terapeutiese groepe.

Dialog is 'n sleutelement in kollektiewe navorsingstegnieke en PAR in die algemeen, gegewe dat deelname gesien word in terme van “a continuous dialogue”. Kollektiewe navorsingstegnieke is ook bekend as “dialogical techniques”. Volgens Fals-Borda (1991:8) sluit dit onder andere in: kleingroepbesprekings en redevoerings- en konsensusgroepe. Dialog help deelnemers om kennis te ontwikkel deurdat hulle vanuit hul eie werklikheid leer, en spesifiek deur te leer om hulle eie bepaalde situasie en probleme krities te evalueer. Byvoorbeeld, dialog fasiliteer die ontdekking en na vore bring van konflik en belangstelings, of soos wat Huizer (1984) dit noem, “...underlying social structural contradictions.” Dialog verseker dat deelnemers en veranderingsagente saam soek na moontlike oplossings.

2.5.3.2 Kritiese ontginning van die geskiedenis.

Volgens Fals-Borda is die kritiese ontginning van die geskiedenis 'n poging “...to discover selectively, through collective memory, those elements of the past which have proved useful in the defence of the interests of exploited classes and which may be applied to the present struggle to increase action”. In 'n kritiese ontginning van die geskiedenis word data versamel deur onderhoude en gewoonlik behels dit die getuie-weergawes van die ouer lede van die gemeenskap.

2.5.3.3 Benutting van deelnemers se eie rekordhouding.

PAR laat toe en eis van deelnemers om rekord te hou van hul vordering en aanpassings. Rekord kan gehou word in die vorm van byvoorbeeld persoonlike joernale. Rekord van die volgende word gehou: deelnemers se veranderende aktiwiteite en gebruike; veranderinge in die sosiale verhoudinge en vorme van organisasie wat hul gebruike gekarakteriseer en ingeperk het; en die ontwikkeling van hul eie vaardighede in die uitvoering van PAR. Volgens McTaggart (1991:178) is die hoofdoel van hierdie rekords dat deelnemers in staat moet wees om bewys te lewer van die “group climate”. Hierdie rekords vervul ook ‘n waardevolle funksie as ‘n gereedskapstuk vir die versameling van data in die vorm van veld-dagboeke, veld-notas, of logboeke.

2.5.4 Die sosiale verifikasie en bekragtiging van data.

Een van die sleutelbeginsels van PAR behels die stappe wat geneem word om die bevindings te verifieer met of deur die deelnemers. Dit word beskou as ‘n onderskeidende kenmerk van PAR insoverre dit in werklikheid die navorser dwing om deur ‘n weldeurdagte proses van “checking the facts” te gaan alvorens verslae opgestel word. Volgens Whyte en ander (1991) word die feite en bevindinge gekontroleer “...with firsthand knowledge” en word “...important alternative explanations” daardeur herken.

In besonder stel PAR die deelnemers in staat om hul eie verifikasie-sisteem te ontwikkel waardeur “scientific legitimacy” aan die deelnemers teruggegee word aangaande die kennis wat hulleself in staat is om te produseer. Dus, verifikasie is ‘n oefening wat al die deelnemers in die PAR-proses insluit. Hierdie feit word gereflekteer in die term “social validation” of dan “social verification” van die kennis, wat impliseer dat gewone mense die data wat gebruik word, verifieer.

‘n Verdere beginsel wat ingebou is in die sosiale verifikasieproses is die ekonomiese gebruik van tyd insoverre data onmiddellik geprosesseer en gekonfronteer kan word en daarom dadelik gekorrigeer of geverifieer kan word deur die deelnemers.

Sosiale verifikasie word moontlik gemaak deur ‘n gemeenskaplike en dialogiese metode. Dit verwys na die toetsing van die samehang van argumente deur “engaging activities” (Reason 1994:329), wat kan insluit dialoë, gesprekke, argumentering en konsensus, of “participant confirmation” (McTaggart 1991:177). In praktyk sou dit kon beteken dat die deelnemers, nadat hulle van die aksie onttrek het, binne die konteks van groeps gesprekke en onderhoude mekaar se inligting kontroleer. Volgens McTaggart (1991:178) sou verifikasie van data in PAR bereik kon word deur ‘n metode wat hy “triangulation of observations and interpretations” noem.

2.5.5 Beskikbaarstelling van die resultate aan die deelnemers.

In aanvulling tot die verifikasie van data bekom deur PAR behoort die sosiale verifikasie van data deur kollektiewe refleksie die deelnemers in staat te stel om bewyse bekend te stel en te verdedig om andere te oortuig. Dit impliseer dat die resultate versprei word na wie ookal deur die term “andere” geïmpliseer word. Vir PAR is die verspreiding van nuwe kennis ‘n tegniek wat integraal is tot die navorsingsproses, “The diffusion of results within PAR primarily refers to the systematic return of knowledge generated by PAR to the participants”. En word dit beskou as ‘n sentrale verpligting van enige veranderingsagent, aangesien die kennis wat gegenereer is uiteindelik bedoel is vir die deelnemers self – “...it is they who should continue to be its owners”.

Ten slotte behoort die resultate – indien moontlik - ook beskikbaar gestel te word aan ander “grassroots” groepe in ‘n verskeidenheid van omstandighede om hulle in staat te stel om baat te vind by die verbreding van algemene teoretiese kennis wat die resultaat is van PAR. Dit moet plaasvind op die vlak van die deelnemers en die algemene publiek se vermoë om geskrewe, orale, of visuele boodskappe te verstaan. Fals-Borda (1984:19) onderskei vier vlakke van kommunikasie wat gevestig word afhange van wie die boodskap en gesistematiseerde kennis geadresseer is:

- preliterêre mense, byvoorbeeld deur “talking maps” of “social trees”;
- semi-literêre mense, byvoorbeeld deur illustratiewe pamflette (“booklets”);
- middelvlak leiers, byvoorbeeld deur meer uitgebreide verhandelinge;
- intellektueles, byvoorbeeld deur artikels of teoretiese boeke.

‘n Goeie PAR veranderingsagent behoort te leer om al hierdie sub-groepe aan te spreek met dieselfde boodskap in verskillende style om sodoende werklik effektief te wees in die kommunisering van die boodskap. Dus, moet die veranderingsagent streef na “...a shared code of communication” tussen deelnemers en veranderingsagente deur die loop van ‘n PAR-projek. “This not only leads to a common and mutually understandable conceptualization and categorization, but results in plain and understandable language, which is accesible to all. In short, change agents are advised or even required to avoid the airs of arrogance and the technical jargon that springs from usual academic practices”.

Volgens Reason (1994) is die beskrywing van *werklike gevalle* die voorkeur wyse om die praktyk van PAR te kommunikeer. Een van die produkte van ‘n PAR-projek mag dus ‘n gevallestudie wees. Buiten die konstruksie van ‘n gevallestudie kan deelnemers self getuienisse lewer in die vorm van dokumente wat hul belewenisse weergee. Die navorsingsresultate sou beskou kon word as ‘n tasbare wyse waarop sistematiese kennis aan die mense teruggegee word.

2.6. PSEUDONIEME EN TRANSKRIPSIES.

Met die weergee van uittreksels uit verslae en lêers, asook transkripsies (vanaf oudiokasset-opnames) is dit belangrik dat kennis geneem word dat in die geval van Madilise en Chereese nie van pseudonieme gebruik gemaak word nie, aangesien Madilise en Chereese graag hul name gebruik wil hê. Vir ander identifiseerbare persoons- en plekname word skuilname (pseudonieme) gebruik. Telkens sal die eerste gebruik van 'n pseudoniem met 'n asterisk aangedui word. Ek verwys kortliks na 'n aanhaling deur Bass & Davis (1988:363-364), "As authors, we were committed to respecting each women's decision. We wanted each woman's participation to be an empowering experience for her".

It's such a disappointment not to be able to use my own name. I've earned the right to own my words, my journey. I feel angry at the situation, denied what is mine by birthright – my name connected with my truth. Strange, so much of the journey has been a 'naming' of shadows. And now I must place my own name back in the shadow...

- Gizelle

2.7. "AANGENAME KENNIS, EK'S MADILISE".

Ek kies die fasilitering van *oop onderhoude* en die beskrywing van *werklike gevalle* as metode om data te versamel, waardeur ek reg wil laat geskied aan die deelnemende aard van hierdie "dialogue sessions" (Rahman 1991:17). Ek beskou *survivors* as "local informants", en wil ek die *survivor* erken as die belangrikste bron van inligting vir hierdie navorsing. Verder word die onderhoude vergesel deur "...personal participation and selective experimentation" (vergeelyk Fals-Borda 1991:10), dit is soortgelyk aan "participatory observation".

Ek wou aanvanklik aan Madilise die geleentheid gee om haar eie bekendstelling te skryf of dan ek namens haar aan die hand van 'n gesprek, maar ten tye van ons laaste gesprek was sy te ontsteld om oor enige iets te gesels aangesien haar ma die naweek wat ons afspraak direk voorafgegaan het, verkrag is. Ten opsigte van Madilise se *bekendstelling* begin ek toe wonder hoe Madilise se *Groen Lêer* haar sou bekend stel. Met die nodige toestemming bekom ek toe die Ehlers*-kinders se Gesinslêer - Madilise en beide haar broers was wetsbestede inwoners van plekke van veiligheid en die kinderhuis. 'n Dik, groen lêer lê voor my op die tafel. Ek maak dit oop. Verslag op verslag. Seksie *dit* van Wet *dat*. Artikels en Hofbevele. Maatskaplike Dienste & Bevolkingsontwikkeling. Christelik Maatskaplike Rade en N.G. Welfare. Molestering. Stiefpa en beweerde klagtes. Kinderhofverrigtinge. Bly in 'n *Wendy*. Rond-swerf. Bly in 'n karavaan. Rond-swerf. Bly in 'n motor. Rond-swerf. Drankmisbruik. Verwaarlosing. Huwelikskonflik en aggressie. Verwydering van kinders. Plasing van kinders. Plekke van Veiligheid. Kinderhuis. So 'n klomp goed wat oor my spoel. Daar trek 'n droë knop in my keel saam. Ek het Madilise die afgelope 18 maande self leer ken. Lees ek nou al hierdie goed kan ek myself dit amper nie indink dat 'n kind – sy - *dit* alles moes beleef nie. En *survive*. Madilise is waarlik meer as 'n *survivor*. Ek glo elke leser sal haar in die bladsye van hierdie proefskrif ook so leer ken. Ek blaai tot by 'n verslag gemerk "Vertroulik". (Ek gee 'n gedeelte van die verslag hier weer.)

AFDELING A.

4. OMSTANDIGHEIDSVEREISTES.

Omstandigheidsvereistes vir geldige kinderhofverrigtinge in gevolge Art 14(4) van die Wet op Kindersorg 1983, soos gewysig deur Wet no 96 van 1996.

Artikel 14(4) (aB) (i), (ii), (iii) en (iv).

Om te bepaal of die kind voor die hof sorgbehoewend is deurdat die kind

(i) geen waarneembare bestaansmiddele het nie, of verlaat is;

(ii) gedrag openbaar wat nie beheer kan word deur sy of haar ouers of die persoon in wie se bewaring hy of sy is nie;

(iii) in omstandighede woon wat waarskynlik sy of haar verleiding, ontvoering of seksuele uitbuiting kan veroorsaak of bevorder, en

(iv) woon in of blootgestel word aan omstandighede wat die fisiese, geestelike of maatskaplike welsyn van die kind ernstig kan skaad.

Die tersaaklikheid van bg wetsartikels hou verband met die gesin se agtergrondgeskiedenis.

Mevrou Van Rensburg* was 10 jaar getroud met die biologiese vader van die betrokke kinders voordat hy in 1991 oorlede is aan breinkanker. Mevrou tree na meneer Ehlers* se afsterwe in die huwelik met meneer Van Rensburg. Meneer Van Rensburg se tweelingbroer (Christiaan*) is nog altyd onafskeidbaar, en is sedert die huwelik ook ten volle deel van die gesin.

Teen die einde van 1999 word meneer Van Rensburg gearresteer weens beweerde seksuele molestering van Madilise. Nadat meneer Van Rensburg gedurende Januarie 2001 op borgtog vrygelaat is, op voorwaarde dat hy geen kontak met die gesin het nie, trek hy weer by die gesin in. Die gesin kon nie finansieël sonder meneer funksioneer nie. Op hierdie stadium het die gesin in 'n woonwapark gewoon. Van Januarie 2001 tot Junie 2001 het hierdie gesin 'n nomadiese leefwyse in [naam van woonbuurt*] gevolg. Hulle het kort-kort 'n ander adres gehad.

Op 5 Junie 2001 het 'n gesin uit die gemeenskap na ons kantore gekom met 'n Saaknommer van die Kinderbeskermingseenheid. Aangesien daar beweringe was dat [Madilise se een broer] hierdie gesin se seun ernstig gesodomiseer het, en daar mediese verslae was wat dit bevestig het, [Madilise se broer] is per Vorm 4 verwyder. Hy was totaal onbeheerbaar op hierdie stadium. Kinderhofverrigtinge ten opsigte van [Madilise se broer] is op 26 Junie 2001 geopen.

Die gesin het hierna voortgegaan met hul nomadiese leefwyse. Op 'n stadium het mnr en mev Van Rensburg, mnr Van Rensburg se tweelingbroer, Herman* en Madilise in 'n Wendy-huisie gewoon waar slegs twee $\frac{3}{4}$ beddens was.

Op 24 Augustus 2001 trek Madilise die klagte van molestering teen mnr Van Rensburg terug.

Die gemeenskap [naam van woonbuurt*] wil nie meer die gesin help nie, want nêrens waar hul bly, betaal hulle losies nie. Al hulle besittings is al deur die mense wat hul in die verlede gehelp het, teruggehou vir agterstallige losiesgelde. Die stiefvader en sy broer misbruik alkohol en gesinsverhoudinge word gekenmerk deur aggressie. Die gesin word genoodsaak om in die motor te slaap en by openbare waskamers te was.

Op 15 Oktober 2001 word die oudste twee kinders ook per Vorm 4 verwyder en in Tutela Plek van Veiligheid geplaas. Kinderhofverrigtinge word op 3 Desember 2001 geopen.

Die ouers gaan voort met hulle nomadiese leefwyse.

Tydens 'n volgende gesprek noem ek aan Madilise dat ek toe haar bekendstelling weggespring het met 'n uittreksel uit die *Groen Lêer*, waarop sy vreeslik frons en sê dat sy geen idee het van wat daarin geskryf staan of wat 'hulle' sê oor haar en haar gesin nie. Ek haal die uittreksel uit sodat sy dit kan deurlees. "Sjoe, maar dit klink maar sleg." Waarop ek aan haar vra of dit dan nie so sleg met haar en haar gesin gegaan het nie. Madilise het nog nie eenkeer opgekyk vandat sy die uittreksel gelees het nie, en haar stem kom sag en monotoon oor. "Ja, dit was selfs met tye erger, maar ek het nie gedog hulle sal al daardie sleg goed so neerskryf nie." Hierop vra ek Madilise of hulle dan iets anders moes geskryf het. Sy antwoord, "Wel, daar was seker nie iets anders om oor te skryf nie, want met Dawie* en my ma daar, was alles net 'n groot gemors." Ek wonder toe by myself – in die lig van die bekendstelling wat ek graag wou skryf, en in die lig van hoe ek Madilise leer ken het die afgelope tyd – wat sy self graag in die *Groen Lêer* sou wou skryf. Madilise tel haar kop op en druk haar kuif vas met 'n haarknippie, haar stem is helder en sterk: "Hulle kon ten minste iets geskryf het oor hoe ek al opgestaan het vir myself."

2.8. "AANGENAME KENNIS, TELEURSTELLING".

Hier volg 'n transkripsie van die tweede gesprek tussen myself (Chris) en Madilise.

Chris: Ek het gewonder of jy gedink het oor dit waarom ons laas keer gesels het. Ons het nogal lank gesels oor wat laas keer by die huis gebeur het... die insidente. En toe't ons nogal op 'n interessante woord afgekom. Wat beteken daai glimlag? Kan jy onthou wat daai woord was?

Madilise: Wat... die vloekwoord?

Chris: Nee, die ander woord... Teleurstelling. Onthou jy ons het nogal baie oor Teleurstelling gepraat? Maar ons het eintlik eers oor 'n ander woord gepraat, 'omgedraai'. 'Jy het omgedraai teen ma' - dit was vir my 'n interessante woord. Was dit die eerste keer dat dit gebeur het, hierdie 'omdraai teen Mamma'?

Madilise: Met die tyd, ja.

Chris: Hoe bedoel jy 'met die tyd'? Het jy hierdie naweek besluit om om te draai teen Mamma?

Madilise: Nee, dit het al lank saamgekom. Dit is soos Dawie – dit kom lank saam, al die teleurstellings en goed. Dit kom al 'n lang pad saam.

Chris: Maar met Saterdag se goed, was dit die eerste keer dat jy baie bewus is van 'omdraai teen Mamma'? Jy het gesê dat jy een stappie teruggegee het... was Saterdag die eerste stappie terug, of het jy al voorheen stappies teruggegee?

Madilise: Ek het al, maar nie so baie nie.

Chris: Hoeveel stappies dink jy het jy al terug geneem van "close" met Ma wees af?

Madilise: So halfpad.

Chris: Halfpad waarnatoe?

Madilise: Van halfpad af.

Chris: Halfpad af?

Madilise: Dawie is heeltemal af – ek staan al op die grond.

Chris: Maar wat beteken ‘af’?

Madilise: Niks! Soos in die helfte van alles. Soos in die helfte liefde van wat ek vir haar voel. Die helfte van wat ek van haar hou, of so iets. Maar ek is nog nie “totally” weg van my ma af nie.

Chris: Hoe oud is Teleurstelling al?

Madilise: Hoe oud?

Chris: Ja. Hoe lank kom Teleurstelling al saam met jou lewe?

Madilise: Vier jaar.

Chris: Wat het 4 jaar terug gebeur?

Madilise: Die hele storie.

Chris: Die eerste keer dat Dawie in julle lewe gekom het...?

Madilise: Nee, die hofsake.

Chris: Jy het laas genoem van jou teleurstelling die keer toe Mamma julle by die skool vergeet het - hoe lank terug was dit omtrent? Langer terug as die hofsake?

Madilise: Standerd 3, 4, 5, 6, 7...

Chris: Dit was voor die hofsake en daai goeters....? Kan jy onthou dat jy 'n tree terug gegee het van Ma af omdat sy julle by die skool vergeet het en eerder saam met Dawie gesit en drink het? Het dit vir jou gevoel asof jy wegbeweeg van Ma af?

Madilise: Nee, ek glo nie, want daai tyd was ek nog, ek weet nie, nee...

Chris: So, wanneer het jy begin om stappies terug te neem?

Madilise: Dis nou onlangs. Toe ons by tannie Joyce-hulle gaan bly het. Toe tannie Joyce vir my begin sorg het, dis van daai tyd af.

Chris: Hoekom dink jy het dit nou eers gebeur?

Madilise: Want tannie Joyce het vir my gewys hoe moet 'n Ma eintlik vir jou wees. En my ma was nie dit gewees nie. Sy was glad nie vir my 'n Ma nie en van daai tyd af het ek eintlik... ek het meer verstand begin kry.

Chris: Jy praat van nou onlangs se 'stappies terug', maar ek wonder of daar nie al rondom die hofsake 'stappies terug' was nie?

Madilise: Daar was... toe ek uitgevind het dat my ma nie eintlik agter my staan nie.

Chris: Dink jy dit was 'n klein stappie of 'n grote?

Madilise: Ek dink dit was 'n grote. Baie mense het vir my gesê my ma moet eintlik agter my staan, want jou ma staan altyd agter haar kinders.

Chris: Hoe baie het jy al van Teleurstelling geweet toe die hofspraak begin het?

Madilise: Baie.

Chris: Dis interessant...

Madilise: Daar was baie goed wat my ma ons belowe het - sy het eintlik beloftes gemaak aan ons, ek weet nie, goed soos ons Kersgeskenke, my ma het al baie keer beloftes gemaak sy gaan vir ons dit koop. Ons kan enige iets koop vir 'n R100. Dan het Dawie die geld gevat en dit gaan uitdrink of uitjool of so iets. My ma het altyd beloftes gemaak en dan het sy dit nooit nagekom nie. Vrydae het sy altyd gesê ons kry R10 vir skool en dan kry ons dit net nie omdat daar nie meer geld was nie.

Chris: Was daardie teleurstellings 'stappie-terug'-teleurstellings of was dit ander teleurstellings?

Madilise: Nee, ek het nog nie toe stappies teruggegee nie. Dis nou net onlangs vandat ons saam met tannie Joyce-hulle bly. My ma het my baie seergemaak, nie seer nie, sy maak my hartseer.

Chris: Is die 'stappie-teruggee' 'n slegte ding?

Madilise: Nogal, ek meen as ek 'n stappie-teruggee dan op die einde wil ek nie meer by my ma gaan bly na die 2 jaar wat hulle gesê het ek hier moet bly, want ek meen watse toekoms gaan ek hê, want ek weet ek gaan nie matriek klaarmaak as ek by my ma-hulle is nie.

Chris: Dink jy dat 'n stappie-teruggee soms 'n goeie ding vir jou is?

Madilise: 'n Goeie ding? Ek dink nogal.

Chris: Wanneer dink jy so?

Madilise: Ek weet nie, as ek verder dink in die toekoms dan weet ek net, as ek gaan werkkry en ek kry my eie woonstel of enige iets, gaan my ma by my kom bly. Ek weet dit vir 'n feit. Sy gaan by my kom bly. Hulle gaan nie op hulle voete kom nie. Nie soos wat hulle nou aangaan nie, gaan hulle net nie op hulle voete kom nie. En dan weet ek my ma gaan by my kom bly en ek wil dit nie toelaat nie, want dan gaan Danie daar kom bly en as Danie daar kom bly, gaan die hele 'family' daar kom bly en gaan dit net weer van voor af 'n groot gemors wees. So, ek weet nie...

Chris: Jy't laas week ook genoem dat ma se goeters skande maak vir jou naam. Het die stappie-teruggee iets daarmee te doen?

Madilise: As my ma nie meer by my is nie, dan hoef ek nie meer te "worry" oor wat my vriendinne oor haar gaan sê nie.

Chris: Wie werk aan jou goeie naam?

Madilise: Ek.

Chris: Net jy? Ma... werk sy aan jou goeie naam?

Madilise: Nee, my ma is net daar om dit af te breek. Dit laat my net, ek weet nie... dit maak dat ek net wil wegbly, dat ek net uit my ma se pad wil kom, dat daar nie meer...

Chris: So, as Mamma droog maak dan is Madilise se naam ook daarmee heen? Watter mense wil jy hê moet opmerk Madilise is 'n mens van haar eie, Madilise het haar eie naam? Wil jy hê mense moet weet van hierdie stappies...?

Madilise: Wel, by my huis weet die mense dit, want hulle kan sien, as sê nou maar, as my ma so iets doen... soos toe sy die geld gevat het, hulle kan sien ek was nie deel daarvan nie. Oom Willie* sê altyd vir my dat ek 'n regte, ou Van Rensburg is. Nou, Dawie se van is Van Rensburg. Dan stry ek met hom want ek is nie 'n Van Rensburg nie, ek is 'n Ehlers. Dis nie soos in stry-baklei nie, dis soos in grap-baklei.

Chris: Hoe sê oom Willie dit vir jou? - afbrekend of tergerig?

Madilise: Dit is uit 'n grap uit.

Chris: Wat weet oom Willie van die Van Rensburg'e?

Madilise: Hy weet alles, ons het twee jaar by hulle gebly.

Chris: Wat weet hy? Wat beteken daardie naam vir oom Willie?

Madilise: Hulle is "useless". Hy dink hulle is "useless", want hulle wil nie regkom nie.

Chris: As oom Willie jou wil terg, dan sê hy...?

Madilise: Jy's 'n klein koekepan of 'n Van Rensburg.

Chris: Wat het jy gesê...? En wat maak jy dan?

Madilise: Dan sal ek vir hom sê ek is nie 'n klein koekepan of 'n Van Rensburg nie.

Chris: Wat is 'n 'koekepan'?

Madilise: Dis al lank ‘n bynaam vir my ma. My ma het... dis daai gasbottels en dan die stofie bo-op, dan kan jy mos kos daarop, die pot daarop sit. Nou hulle het dit ‘n koekepan genoem, en toe leen my ma dit die een naweek, toe gaan verpand sy dit en toe kan sy dit nie uithaal nie want sy het nie geld nie. En nou, dis waar die koekepan-storie inkom.

Chris: As Van Rensburg “useless” beteken, soos wat Dawie “useless” is, wat beteken ‘koekepan’?

Madilise: Dat jy iemand is wat lieg, wat nie jou beloftes nakom nie.

Chris: As oom Willie dit dan grapperig-tergerig sê, hoekom lag jy nie?

Madilise: Ek lag, maar dan sê ek vir hom: ‘Ek is nie ‘n Van Rensburg nie, ek is ‘n Ehlers eintlik’. Of ek sal in ‘n grap sarkasties wees en vir hom sê: ‘Aag ja, so asof oom nie ook een is nie’.

Chris: Watse “feelings” gaan daarmee saam as jy sê ‘Ek is nie “useless” nie, ek is ‘n Ehlers’?

Madilise: ‘n Sterk “feeling”. Ek weet ek is nie daai goed nie.

Chris: Waaroor gaan die sterk “feelings”? Gaan dit omdat jy weet wat jy níé is nie, en omdat jy weet wíé jy is?

Madilise: Dit wat ek weet ek is.

Chris: Want jy het gesê ‘Ek is ‘n Ehlers’?

Madilise: Ek weet ek is nie ‘n Van Rensburg nie.

Chris: So, jou “feeling” gaan nie net oor wat jy níé is nie, maar dit gaan ook oor jy weet wie jy is en waarvoor jy staan, waarom jou naam gaan, nê? O.K., so, ‘n koekepan is iemand wat jou inloop...?

Madilise: Ja, ‘n misbruiker.

Chris: En ‘n Van Rensburg is iemand “useless”? Wat is ‘n Ehlers?

Madilise: Joe, ‘n Ehlers is baie!

Chris: Wat beteken daai ‘Joe!’?

Madilise: ‘Joe!’ is baie, ‘Joe!’, dis ‘Joe!’.

Chris: Noem my ‘n paar dinge van wie ‘n Ehlers is.

Madilise: Sterk, ‘vertroubaar’, opgewonde oor die lewe...

Chris: Wow!

Madilise: ...‘vertroubaar’, ek weet nie, dis net sterk gevoelens, jy het baie “common sence”, jy kan vir jouself dink.

Chris: Ek het ook nogal gewonder hoe Ehlersse oor die waarheid voel?

Madilise: Nogal sterk.

Chris: Hoe voel die Ehlersse oor opstaan vir wat waar en reg is?

Madilise: Dieselfde.

Chris: Wat dink jy dink Teleurstelling van hierdie Ehlers-naam?

Madilise: Teleurstelling...?

Chris: Ja.

Madilise: Hy wil dit afbreek, maar hy kry dit nie reg nie.

Chris: ‘Hy wil dit afbreek, maar hy kry dit nie reg nie...’?

Madilise: Dis nogal bietjie moeilik...

Chris: So, hoe lank dink jy maak Teleurstelling al planne om die Ehlers-naam af te breek?

Madilise: Al lank, maar nie so lank nie.

Chris: Dink jy Teleurstelling het al “major” pogings aangewend of slaan sommer hy net sulke hou-in-die-lug?

Madilise: Nee, hy is soos... hy wil hom nou afbreek, maar hy kry dit nie reg nie, ek is te sterk vir hom.

Chris: 'Hy kry dit nie reg nie...?'

Madilise: Nie maklik nie, almal het al probeer. Wel, daar was 'n tyd gewees wat hy dit reggekry het, maar daai tyd is verby. Ongelukkig vir hom het ek weer op my voete gekom en ek "fight" terug.

Chris: Het ek al vir jou hierdie tien blokkies geteken, of het ek jou al vertel van die 10 blokkies? Kom ons sê jou lewe het tien blokkies - dis Madilise se lewe. Teleurstelling wil kyk hoeveel blokkies hy kan vat. Jy het byvoorbeeld genoem dat daar 'n tyd was dat hy...

Madilise: ...omtrent alles gevat het, maar daar was 'n bietjie oor gewees.

Chris: 'Daar was 'n bietjie oor gewees...'. So, toe dit op sy slegste gegaan het met jou... hoeveel blokkies van die tien het Teleurstelling gevat?

Madilise: Ag.

Chris: Ag. So, net daai twee blokkies was Madilise s'n, soos wat sy graag haar lewe wou hê? Kan jy onthou of daar iets gebeur het wat dit vir Teleurstelling moontlik gemaak het om ag blokkies by jou te vat?

Madilise: Ja, dit was toe hulle ons weggevat het van my ma af... na die hofsake. Ons het eers so 'n jaar of wat weer aangegaan, en toe's die geld op, en toe swerf my ma'le rond, en toe vat hulle ons weg. Hulle het ons nie weggevat nie, my ma het ons weggegee. My ma het vir hulle gesê: 'Vat die kinders'.

Chris: Laaste vraag... van waar af het jy geweet om 'n Ehlers te wees, is om sterk te wees?

Madilise: Van waar af?

Chris: Ja, want ek sou kon dink al hierdie goeters - Ma wat jou teleurstel, Dawie wat ongeskik is, Dawie wat vloek en slaan en poepdrunk is - sulke goed kan 'n kind plat druk. Op een of ander manier het jy geweet: 'n Ehlers is sterk.

Madilise: Van....2001 af, van Standerd 6 af. In 2001 is ons weggevat. Toe was ek eers Tutela toe gewees en van daar af na die Kinderhuis... as jy nie daar vir jouself opgestaan het...

Chris: Maar het Madilise niks geweet van 'Ek is 'n Ehlers' voor 2001 nie?

Madilise: Nee, nie eintlik nie, want ek het nogal gedink ek is "useless" soos my ma'le, maar, ek het reggekom.

Chris: Maar nou wonder ek nog oor die stukkie voor 2001. Hoe't jy "survive" want dit was die tyd wat dit die slegste was vir julle gesin? Dit was die tyd wat Dawie se drinkery en vloekery en sy afbreek daar was, en die molestering... hoe't jy "survive"?

Madilise: Dit was baie moeilik gewees, dit was hel op aarde.

2.9. VAN DEFINISIES TOT "HEL OP AARDE".

Om met die *habitus* of dan aksieveld "Verhale van kinders wat seksuele misbruik oorleef" *op reis* te gaan, het Maughan & Haines se woorde vir my 'n geleefde en beleefde werklikheid gemaak, "I do not bring back from a journey quite the same self that I took". Hierdie reis het my meer dikwels as selde na plekke laat reis waar ek nog nooit voorheen was nie, en was ek afhanklik van my gespreksgenote se "expertise" en "guiding", maar deurgaans het hul groot geduld gehad met my (volwasse en kulturele) "blindness". Om deur hulle aan karakters, plekke en landskappe, gebeure en emosies bekend gestel te kon word, waarvan ek weinig tot niks geweet het nie, was vir my iets soos *heiligsgoed*, het ek dikwels soos 'n Moses, sonder skoene (analogie vir kennis en vaardigheid), op heilige grond gestaan, of moet ek sê, "...het ek dikwels op *helse* grond gestaan"?

Ek het die fasilitering van oop onderhoude en die beskrywing van werklike gevalle aangedui as die metode waarop ek die data sou versamel en sou weergee, aangesien ek reg wou laat geskied aan die deelnemende aard van hierdie navorsing. En omdat ek die *survivors* beskou as "local informants", wou ek aan hulle erkenning gee as die belangrikste bron van inligting vir hierdie navorsing. Terwyl ek grotendeels die rol van 'n weetgierige, waarnemer/ mede-reisiger ingeneem het.

Verder het ek moeite gedoen om die kritiese belang daarvan uit te druk dat die werk van die narratiewe navorser en terapeut met kinders wat seksuele misbruik deurleef het, geïnformeer moet word deur kennis en begrip van *die politiek van misbruik, die politiek van volwassene-kind-relasies, en die politiek van mag.*

Om telkens getuie te kon wees van die krag van eksternaliserende gesprekke, het in my die volgende gedagtes, posisies, en drome losgemaak... “Ek wil –as ek mag - ‘n *mede-reisiger* van hierdie dapper *survivors* wees in hul ontdekkingsreise na alternatiewe verhale en aksies, ek wil – as ek mag - ‘n *mede-verteller* word van hierdie uitkomstige en alternatiewe, voorkeur verhale, en ek wil – as ek mag - ‘n *mede-aktivis* word in die transformasie van hul lewens en verhoudinge, omstandighede en gemeenskappe. Om te dink dat my *gidse* op hierdie reis meerendeels twee kinders was, sê steeds baie oor die avontuurlikheid van hierdie reis, maar ook iets oor respek, en beslis iets oor bewondering.